market iq

Publication: Landbouweekblad
Page: 33
Title: Suid-Afrika se paddas, slange en akkedisse kry inheemse name
Publish Date: 26 June 2025
AVE: 40148.76
Author: Unspecified

# Suid-Afrika se paddas, slange en akkedisse kry inheemse name

**IS** dit nie so dat mense meer geneig is om iets te beskerm waarvoor hulle 'n naam het nie?

Daarom het 'n span wetenskaplikes aan die Noordwes-Universiteit (NWU) 'n studie aangepak om 'n omvattende lys van inheemse name vir paddas, akkedisse, slange en ander reptiele op te stel om inklusiewe bewaring te bevorder.

Die studie, "Naming South African frogs and reptiles in nine indigenous languages", onder leiding van dr. Fortunate Phaka van hierdie universiteit, is in samewerking met medewerkers oor Suid-Afrika heen asook in België gedoen.

Sodoende is 'n leemte binne die Suid-Afrikaanse wetenskap uitgeskakel, naamlik die gebrek aan name vir paddas en reptiele in die land se nege amptelike inheemse tale.

Volgens Phaka is die insluiting van inheemse name in die biodiversiteitsliteratuur nie net goeie wetenskap nie, maar ook demokraties.

"Die studie bied insig oor hoe inheemse kennis en wetenskaplike klassifikasie kan saamwerk om bewaring werklik inklusief en doeltreffend te maak.

"Die probleem is meer as net linguisties. Wetenskaplike name, wat dikwels in Latyn of Grieks is, is veronderstel om eenvormig oor die wêreld heen te wees, maar dit is dikwels onverstaanbaar vir plaaslike gemeenskappe, wat tussen die spesies woon en dikwels sentraal tot hul bewaring is."

Hy meen hierdie gebrek aan kennis kan onder meer tot swak beleidstoepassing en 'n algemene gebrek aan openbare betrokkenheid by biodiversiteitspogings lei.



*Ptychadena anchietae* is die wetenskaplike naam vir dié Rooirug-graspadda wat algemeen in Suid-Afrika voorkom. Die padda staan in Tsonga bekend as 'Mabhruku' vanweë sy lang bene en veerkragtige spronge. Die spesie se habitat is savanna-biome, veral in die noordoostelike dele van die land. FOTO: CHAD KEATES

## Taalkundige diversiteit

Die navorsers het deur middel van aanlyn opnames, sosiale media en onderhoude in die veld 'n lys opgestel van meer as 4 800 inheemse name vir die 543 padda- en reptielspesies wat amptelik in Suid-Afrika erken word. Dit dek die land se taalkundige verskeidenheid deur tale soos Zoeloe, Tsonga, Ndebele en Venda in te sluit.

Waar geen spesifieke naam vir 'n spesie bestaan het nie, het die navorsers nuwe name geskep, wat gegrond is op bekende beskrywende eienskappe, soos wat wetenskaplikes maak wanneer nuwe organismes ontdek word.

Studies van hierdie aard maak bewaringspogings baie meer toeganklik, sê Phaka.

"Mense is meer geneig om iets te beskerm as hulle 'n naam daaraan kan koppel, veral as daardie naam in hul eie taal en kulturele begrip gewortel is.

"'n Tsonga-spreker wat byvoorbeeld nie kan identifiseer met die wetenskaplike naam *Ptychadena anchietae* vir 'n padda nie, maar wel met die naam "Mabhruku" (vanweë sy lang bene en veerkragtige spronge) mag dalk 'n ander soort nuuskierigheid en omgee inspireer."

Boonop het die navorsing gewys dat inheemse benoemings dikwels 'n intuïtiewe ekologiese logika weerspieël. Byvoorbeeld, die Xhosa- en Zoeloe-woorde "Ixoxo" en "Isele" groepeer paddas volgens die tekstuur van hul velle. Hoewel dit nie streng wetenskaplik is nie, tref dié klassifikasie steeds 'n betekenisvolle onderskeid.

Die gebrek aan 'n omvattender onderskeid spruit egter nie uit 'n tekort aan insig nie, maar dit is eerder 'n weerspieëling van die waarnemingsprioriteite van gemeenskappe, wie se betrokkenheid by hierdie diere deur kulturele, nuttigheids- of ekologiese bekendheid gevorm is.

"Suid-Afrika se inheemse tale is lank gemarginaliseer in die wetenskap, 'n veld wat steeds deur Engels, en in 'n mindere mate Afrikaans, oorheers word.

"Die insluiting van inheemse name in biodiversiteitsliteratuur is nie net goeie wetenskap nie, maar ook demokraties.

"Dit bemagtig die sprekers van hierdie tale om as ingeligte bydraers, eerder as passiewe ontvangers, by bewaring betrokke te raak."

## Wêreldwye relevansie

Die NWU sê in 'n verklaring die feit dat hierdie projek voortspruit uit die samewerking tussen dié universiteit en internasionale instellings, soos die Hasselt-Universiteit in België, dui op die wêreldwye relevansie van plaaslike kennis.

Hoewel die paddas en reptiele hoofsaaklik endemies tot Suid-Afrika is, is die model van die integrasie van volks- en formele taksonomieë, asook die byvoeging daarvan tot plaaslike tale in die wetenskaplike diskoers uitvoerbaar.

Ander lande - van Brasilië tot Pakistan - worstel glo ook met soortgelyke kwessies, en Phaka se werk dien as 'n waardevolle voorbeeld. – JOANIE BERGH

NAVRAE: Dr. Fortunate Phaka, **071 463 6065**, e-pos: **mafetap@gmail.com**


The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.